GESKIEDENIS

TOEKOMSBERAAD – 10 OKTOBER

1. Inleiding

Afrikaners se geskiedenis is in die regering se visier, waarskynlik vandag meer as ooit tevore. Die harde werklikheid is dat die Suid-Afrikaanse regering ’n bepaalde beeld van Suid-Afrika se verlede as die waarheid voorhou en dat bykans elke beleidsbesluit wat vandag geneem word, op een of ander manier op hierdie beeld van die geskiedenis gebaseer word. Hierdie beeld is egter ’n verdraaide beeld. Dit is ’n beeld waarin Afrikaners se verlede geheel en al gekriminaliseer word, terwyl die sogenaamde bevrydingsbewegings soos die ANC s’n, uit verhouding geromantiseer word. Die bydrae wat Afrikaners tot die ontwikkeling van Suid-Afrika gelewer het, word verswyg en in sekere gevalle selfs ontken, terwyl die gruweldade van bevrydingsbewegings onder die mat gevee word. Hierdie dilemma vind in besonder neerslag in die sillabusse wat deur die Departement van Basiese Onderwys voorgeskryf word. Vakansiedae word dienooreenkomstig hierdie perspektief op die verlede herdenk, politieke toesprake word daarop geskoei en diskriminerende staatsbeleid word daarmee geregverdig.

’n Ernstige probleem wat met die bogenoemde verband hou, is dat Afrikaners hul eie geskiedenis nie met die nodige erns opneem, bestudeer en aan die jonger generasie oordra nie. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan die feit dat Afrikaners in die verlede grootliks op skole staatgemaak het om die geskiedenis aan hul kinders oor te dra, en nog nie tot die besef gekom het dat daardie verantwoordelikheid nou op hul eie skouers rus nie. In die afwesigheid hiervan word Afrikanerkinders deur die regering geleer oor die geskiedenis. Dit vind egter vanuit ’n ANC-perspektief plaas, wat tot gevolg het dat Afrikaners se historiese bydrae tot Suid-Afrika se ontwikkeling grootliks ontken word, terwyl hul bydrae tot hedendaagse probleme oordryf word.

2. Probleemstelling

Die probleem kan soos volg saamgevat word:

- Vanaf owerheidsweë word die waarheid rondom die geskiedenis op verwronge wyse aangebied, of leuens as waarheid voorgehou.
- Afrikaners het nog nie volledig tot die besef gekom dat geskiedenisonderrig hul eie verantwoordelikheid is nie.
- Die Afrikanergemeenskap beskik nog nie volledig oor die voldoende hulpbronne om hierdie onderrig op doeltreffende wyse te laat geskied nie.
- Waar sodanige hulpbronne reeds beskikbaar is, is die gemeenskap nie noodwendig daarvan bewus nie.

3. Vorderingsverslag

Die **FAK** is reeds besig met die volgende aksies vir die bevordering van Afrikanergeskiedenis:

- Die jaarlikse publikasies van ’n aantal geskiedenisboeke, wat wissel van jeugliteratuur tot ernstiger stof.
- Die ontwikkeling, met behulp van ’n vakadviseur, van lesplanne vir Afrikanergeskiedenis wat aanvullend tot skoolkurrikulums gebruik kan word. Dit word gratis op die internetmuseum gepubliseer.
- Die ontwikkeling van ’n omvattende databasis met biografiese profiele van Afrikaners wat op vele lewensterreine presteer het en steeds presteer.
- Die erkenning van jongmense se bydrae tot geskiedenisontwikkeling deur top geskiedenistake op die webbladsy te publiseer.
- Die Afrikaanse Skole-ekspo bied jaarliks ’n kompetisie aan om geskiedenis onder die jeug te bevorder en belangstelling te kweek.
- Die aanbieding, in samewerking met ’n reisagentskap, van ’n *Westerse geskiedenistoer* vir skoolgroepe na Nederland, Duitsland, Frankryk en Switserland, en ’n *Oorsprong na Afrikaans*-toer na Nederland, België en Frankryk.
- Deur middel van die NP van Wyk Louw-sentrum hou die FAK Afrikaners se historiese dagboek en kultuuralmanak op datum.
- Die NP van Wyk Louw-sentrum publiseer jaarliks verskeie publikasies wat verband hou met historiese en kulturele herdenkingsgeleenthede.

- Die NP van Wyk Louw-sentrum publiseer ideële artikels op *Standpunte* en dra op dié wyse by tot die uitbou van ’n eietydse geskiedenis.
- Die FAK het die heel eerste *Internetmuseum vir Afrikanergeskiedenis* ontwikkel om gesinne en families by te staan met hul verantwoordelikheid van geskiedenisoordrag. Deur die internetmuseum is Afrikanergeskiedenis toeganklik in elke huishouding, tablet, slimfoon en klaskamer. Op die internetmuseum is die volgende reeds beskikbaar:

    - Afrikaners se historiese dokumente, soos Jan van Riebeeck se gebed, Piet Retief se manifes, die Gelofte, die Sandrivierkonvensie, of die Vrede van Vereeniging;
    - Kultuurgeskiedenis, wat onder meer insluit die herkoms van idiome, inligting oor plekke en dorpe, boererate, tradisies en volksfeeste, en voeding en kos, en kerk- en gesinslewe;
    - Inligting oor monumente en erfenisterreine;
    - Biografiese profiele van noemenswaardige persone, wat insluit vername krygsmanne, staatsmanne, godsmanne, sakemanne, skrywers en digters, politici, entrepreneurs en wetenskaplikes;
    - Foto’s van Afrikanergeskiedenis, wat insluit belangrike persone, instellings en organisasies, monumente en geboue, en historiese gebeurtenisse;
    - Foto’s te make met Afrikaanse taalgeskiedenis;
    - Foto’s van die FAK se geskiedenis;
    - Geskiedenis oor Suider-Afrika, wat onder meer die geskiedenis van Afrikaners in Namibië en Zimbabwe insluit;
    - Interessante artikels oor allerlei onderwerpe, wat strek van taalgeskiedenis, Britse slawehandel, en die Afrikaanse Bybelvertalings, tot die simboliek van ons vlae en wapens, en optredes deur onbekende kinderhelde.
    - Kultuurhistoriese bydraes vir die *Kultuurkroniek* word deurgaans ontwikkel deur die erfenisjoernalis, Marthinus van Bart.
    - Daarby is die inligting op die webblad gerieflikheidshalwe in verskillende tydvakke opgedeel, byvoorbeeld die tydperke van die *Pioniers* (1652–1820), die tydperk van die *Presidente* (1845-1902) of die tydperk van die *Generaals* (1902-1948);
    - Afrikanerorganisasies kan ook hul eie trotse geskiedenis op die internetmuseum vertel.

- Die FAK is besig met ’n omvattende projek om die FAK-argief toeganklik te maak vir navorsers. Die FAK-argiewe bevat ’n omvattende versameling van meer as tagtig jaar se Afrikanergeskiedenis (die FAK is reeds in 1929 gestig).
- Daarby ontsluit die FAK sy reusagtige fotoversameling van Afrikanergeskiedenis om dit toeganklik te maak op sosiale media en die internetmuseum.
- Die FAK werk reeds saam met verskeie Afrikanergemeenskappe wat self verantwoordelikheid vir die bewaring van kultuurbakens in hul omgewing neem. Daar sou nou reeds boekdele geskryf kon word oor wat gemeenskapsorganisasies alles positief doen vir die bewaring van Afrikaners se kultuurerfenis en die instandhouding van kultuurbakens.
- Die ontwikkeling van ’n historiese plakkaatreeks oor Afrikanergeskiedenis wat onderwysers in hul klaskamer kan opsit.
- Die FAK ontwikkel met behulp van kundiges *’n Praktiese handleiding vir erfenisbewaring in gemeenskappe.*
- Die FAK bied later vanjaar ’n beraad vir Geloftekomitees en gemeenskapsorganisasies aan om samewerking beter te koördineer ten einde Afrikanergeskiedenis op elke dorp te bevorder.
- Die FAK neem die historiese Afrikaanse lied in beskerming deur binnekort in samewerking met die gewilde groep Beeskraal ’n CD genaamd *Volk-en-vaderland* te laat verskyn.
- Die FAK is in samewerking met verskeie kunstenaars besig om Anglo-Boereoorlog-gedigte en -liedere te verwerk in ’n kunstefeesproduksie en later ’n CD.
- Die aanbieding vanaf 2016 van binnelandse toere vir skoolgroepe aan na historiese terreine van die Groot Trek en Anglo-Boereoorlog.
- Die aanbieding van vakspesifieke seminare deur verskeie historici vanaf 2016 landswyd vir geskiedenisonderwysers.

AfriForum het ’n uitgebreide dokumentêre film vervaardig, wat ’n alternatiewe perspektief op die politieke geskiedenis van die jare 1976 tot 1994 bied. In hierdie film, genaamd *Tainted Heroes,* word duidelik aangedui dat die politieke konteks van die 1980’s en die vroeë 1990’s veel meer ingewikkeld was as wat daar vandag voorgegee word. Die film wys ook daarop dat dit op ’n oneerlike oorvereenvoudiging neerkom om na Afrikaners as oortreders en na die ANC as slagoffers te verwys. Verskillende opsies vir die verspreiding van hierdie film word tans ondersoek.

AfriForum Jeug dryf ook verskeie geskiedenisprojekte onder studente. ’n Vlagskipprojek in hierdie verband is die organisasie se jaarlikse geskiedenistoer. Hierdie toer word regoor die land gedoen en studente wat hulleself reeds as invloedryke leiers bewys het, of sterk potensiaal toon, word jaarliks geïdentifiseer en uitgenooi om hierdie toer mee te maak.

4. Doelwitte vir 2020

Die **FAK** sal voortgaan om ’n historiese bewussyn onder Afrikaners aan te wakker deur middel van ’n gemeenskapgesentreerde benadering. Die benadering kan saamgevat word in die volgende hoofpunte:

- Die geskiedenis kan nooit op ’n neutrale wyse aangebied word nie. Die wyse waarop die skoolkurrikulum ideologies gelaai is, bevestig dit. Maar die geskiedenis kan wel vanuit ’n gemeenskapsperspektief op ’n gebalanseerde wyse aangebied word. Prof. Hermann Giliomee het tereg opgemerk dat Afrikaners, soos enige ander gemeenskap, ook net ’n normale geskiedenis wil hê. Dit wil sê ’n geskiedenis met heldeverhale waarop Afrikanerkinders trots kan wees, maar ook met foute waaruit kinders toekomslesse kan leer.
- Die FAK is voorstanders van ’n hermeneutiese skuif weg van staatsgesentreerde geskiedskrywing na gemeenskapsgeskiedskrywing. Kultuurgemeenskappe moet eienaarskap van hulle eie geskiedenis neem. Vanuit hierdie invalshoek word geskiedenis persoonlik vertolk aan die hand van die gesin, familie, die taal-, kultuur- en gemeenskapsleier, en die organisasie se verhouding tot groot historiese gebeure. Deur ’n persoonlike benadering word die menslike kant van Afrikanergeskiedenis bevestig, teenoor die ontmensliking daarvan deur die staatsideologie. Dit skep ’n geleentheid vir historiese regstellings en die neem van eienaarskap.
- Simptome van die historiese geheueverlies is die gebrek aan kulturele selfvertroue en selfrespek. Afrikaners het deur die eeue heen op feitlik elke lewensterrein met voorposdenke hoëfunksieprestasies gelewer. Die prestasies moet afgestof en weer beklemtoon word.

Die nuutgestigte videovervaardigingsmaatskappy, **Forum Films**, sal voortgaan om dokumentêre films, reekse en programme te vervaardig. ’n Pertinente fokus van Forum Films sal wees om ’n gebalanseerde perspektief op die Afrikaner se verlede te bevorder.

AfriForum Jeug sal ook sy inisiatiewe om jong Afrikaners meer bewus te maak van hul geskiedenis uitbrei. Die **FAK** en **AfriForum Jeug** sal in hierdie verband saamwerk om gereelde gesprekke oor die geskiedenis onder studente te organiseer. **AfriForum Jeug** sal op ’n gereelde basis ook met ander kultuurorganisasies skakel en saamwerk om ’n groter begrip van die geskiedenis onder jong Afrikaners te bevorder.

5. Samevatting

Die Afrikanergemeenskap is in 1961 beloon met die verwesenliking van ’n ideaal waarvoor hy hom ruim ses dekades beywer het – ’n eie Republiek. Die Wonder van Afrikaans is twee jaar voor dit gevier, waar die prestasies van Afrikaans sedert amptelike erkenning in 1925 uitgelig is. Al was die Afrikaner sedert 1948 aan bewind, sou Afrikaners en die Afrikaans nou by uitstek dié volk en taal van die staat word. Hierdie begunstiging het egter ook bepaald negatiewe uitwerkings gehad. Die Afrikaner het eenvoudig gewoond daaraan geraak dat sekere lewensterreine suiwer in die sfeer van die staat val.

Onder hierdie terreine het die geskiedenis in die breë geval. Dit was die verantwoordelikheid van die staat om monumente, standbeelde, en erfenisterreine in stand te hou. Geskiedkundige dokumente is by die staatsargief bewaar. Geskiedenisonderrig het by staatskole plaasgevind. Derhalwe het die individu en die kleiner gemeenskap geen verpligtinge in hierdie terreine gehad (of aanvaar) nie. Toe die Afrikaner in 1994 letterlik alle staatsmag verloor, was dit meer as die spreekwoordelike mat wat onder die voete uitgeruk word. Dit was veel eerder ’n geval van die fondasies wat in duie gestort het.

Die tydperk van 1961 tot 1994 beloop 33 jaar. In sy historiese geheel gesien, is 33 jaar ’n bitter kort tydjie in die geskiedenis van ’n volk. Die “troos” hieruit te haal is dat die aanleer van enige ondeugde in só ’n termyn geensins van ’n blywende aard sal wees nie. Anders gestel – staatsafhanklikheid is ’n gewoonte wat afgeleer kan word. En die tekens daarvan sien ons reeds. Die selfdoenaksies van ná Vereeniging, ná die

Rebellie, en ná die Depressie, word in ons nuwe eietydse dade weerspieël. Ons herontdek ons ou geskiedenis. Ons vorm ons toekomstige geskiedenis. Ons is besig om ons geskiedenis terug te neem. En ons doen dit self.